

Telematiese Skoleprojek



2022 VAKWERKBOEK Graad 12



'n Gesamentlike inisiatief tussen die Wes-Kaap Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.



Western Cape
Government

Education



Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe



UITSAAI-SESSIES

GRAAD 12

Nasionale Inkome Die vermenigvuldiger
 Sakesiklusse
 Buitelandse Valuta mark

Session	Date	Time	Topic
English	21/02/2022	16h00-17h00	The Multiplier (4 sector model)
Afrikaans	22/02/2022	16h00-17h00	Die Vermenigvuldiger (4 sektor model)
English	16/03/2022	15h00-16h00	Business Cycles
Afrikaans	16/03/2022	16h00-17h00	Sakesiklusse
English	07/04/2022	16h00-17h00	Foreign exchange market
Afrikaans	11/04/2022	16h00-17h00	Buitelandse Valutamark



INLEIDING EN ONDERWERPE

INLEIDING

In hierdie drie lesse gaan ons die volgende konsepte ondersoek:

1. Die Makro-ekonomiese vermenigvuldiger
2. Die sakesiklusse
3. Die Buitelandse Valutamarkte

Die ekonomiese aktiwiteit wod deur inspuitings in die ekonomie geaktiveer. Dit sluit in Verbruik deur Huishoudings (C), Staatsbesteding (G) en Beleggings deur maatskappye (I). Enige besteding sal lei tot 'n 'ripple – effect' verskynsel. Dit sal in die **eerste** les behandel word.

Ekonomiese aktiwiteit soos in die Reële BBP fluktueer jaarliks. Hierdie fluktuasies word di Sakesiklusse genoem. Dit is die **tweede** les wat in hierdie werkboek behandel word.


Die derde en laaste les handel oor Buitelandse Valutamarkte waar die waarde van geldeenhede om verskeie redes verander. Grafiese illustrasies sal gebruik word om dit te verduidelik.

Onderwerpe c	Beskrywing
Die Makro-ekonomiese vermenigvuldiger	Aanvanklike staatsbesteding veroorsaak 'n rimpeleffek op die totale ekonomie en lei tot meer totale besteding.
Sakesiklus	'n Sakesiklus verwys na die herhalende maar nie-periodieke patroon van uitbreiding en inkrimping op die vlak van die ekonomiese aktiwiteit wat in 'n land plaasvind.
Buitelandse Valuta mark	'n Mark waar buitelandse geldeenhede deur internasionale handel gekoop en verkoop word



DIE MAKRO-EKONOMIESE VERMENIGVULDIGER

DIE KEYNESIAANSE MODEL VAN DIE VERMENIGVULDIGER



Gemiddelde inkome = $C + S$ wat aanbod sal verteenwoordig

C: verbruik

S: besparing

Gemiddelde vraag = $C + I$

I: beleggng

Punt E: ewewig

$Y = R200b$

$E = R200b$



TERMINOLOGIE

Term	Definisie
Beskrywing van die Makro-ekonomiese Vermenigvuldiger	Aanvanklike staatsbesteding veroorsaak 'n a ripple effect op die totale ekonomie en lei tot meer totale besteding
Verduideliking	<p>Persoon A se besteding word persoon B se inkome. Persoon A bestee 'n gedeelte van sy inkome en spaar 'n gedeelte van sy inkome. Die gedeelte wat persoon A bestee word, word persoon B se inkome. Persoon B bestee 'n gedeelte van daardie inkome en spaar ook 'n gedeelte van sy inkomste. En so gaan die proses aan en aan en aan.</p> <p>Dit staan bekend as die vermenigvuldigerseffek.</p>
VERDUIDELIKING VAN DIE VERMENIGVULDIGER	<p>Daar is slegs twee dinge wat 'n individu met nuwe inkomste kan doen: bestee (verbruik) of spaar dit.</p> <p>Dit word die marginale spaargeneigdheid (msg) en die marginale verbruiksgeneigdheid (mvg) genoem.</p> <p>Die grootte van die rimpeleffek hang af van of mense spaar of bestee.</p>
Voorbeeld	<p>As jy R100 optel en R75 bestee en dan besluit om R25 te spaar.</p> <p>Dan is jou mvg = 0.75 en jou msg = 0.25. Dus: mvg + msg = 1</p>
Berekening	<p>Die vergelyking van die eenvoudige vermenigvuldiger is soos volg: $k = 1/mvg = 1 - mvg$</p> <p>Daarom, as mvg = 0.5, dan is msg = 0.5. Dus, $1/0.5 = 2$</p>
Formules	<ul style="list-style-type: none"> • $k = 1/1 - mvg$ • $k = 1/msg$ • $k = \Delta Y/\Delta E$ • $k = Y/E$



TERMINOLOGIE

Term	Definisie
Voorbeeld 1	Indien die regering R2 miljoen bestee, sal die totale besteding R4 miljoen wees
Voorbeeld 2	<p>Veronderstel die mvg is 0.9 en die regering wil hê die totale besteding moet na R20 miljoen vermeerder:</p> <p>Dan moet jy aan jouself twee vrae stel:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Hoeveel is die vermenigvuldiger? 2. Hoeveel moet die regering aanvanklik bestee om die doelwit te bereik? <p>Om die waarde van die vermeenigvuldiger te bereken, moet jy die volgende formule gebruik:</p> $ \begin{aligned} k &= 1/1 - mvg \\ &= 1/1 - 0.9 \\ &= 1/0.1 \\ &= 10 \end{aligned} $ <p>Om die doelwit van R20 miljoen besparing te bereik, moet die regering R20m/10 = R2miljoen bestee.</p>
2-sektormodel	<p>Geen regering teenwoordig Slegs huishoudings en besighede Geslote ekonomie Geen korporatiewe besparings</p>
3-sektor ekonomie	<p>Huishoudings (C) Besighede (I) Regering (G)</p>
4-sektor ekonomie	<p>Huishoudings Besighede Regering Buitelandse sektor</p>



LET WEL



DIE VERMENIGVULDIGER

Ons merk op die die aanvanklike besteding in beide voorbeelde R2miljoen was, maar die totale besteding verskil.

Dit is omdat die mvg verskil het.

In voorbeeld 1, is die mvg = 0.5, totale besteding = R4 miljoen.

In voorbeeld 2, is die mvg = 0.9, totale besteding = R20 miljoen.

Daarom: hoe hoër die mvg, hoe hoër is die vermenigvuldiger.

OUTONOME VERBRUIK

$$C = \text{Outonome Verbruik} + \text{mvg}(Y)$$

$$C = \bar{C} + cY$$

$$C = 20 + 0.5(Y)$$

Outonome Verbruik

- Besteding wat gemaak word, selfs al is daar geen inkome nie.
- Hierdie verbruik/besteding is nie afhanglik van inkome nie.
- Geld word geleen, of beskikbare spaargeld word gebruik.



IMPAK VAN UITVOERE EN INVOERE

Simbole word gebruik om uitvoere en invoere aan te toon:

X = Uitvoere
M = Invoere

Uitwerkings:

- As $X > M$ = Net inspuiting, daarom sal die Nasionale inkome vermeerder.
- As $X < M$ = Net lekkasie, daarom sal die Nasionale Inkome verminder.

Inspuiting verhoog NI & Lekkasies verminder NI

INSPUITINGS (J)

- **Regeringsbesteding (G)**
- **Investering (I)**
- **Uitvoere (X)**

LEKKASIES (J)

- **Belasting (T)**
- **Besparing (S)**
- **Invoere (M)**

- Die vermenigvuldiger is afgelei van die marginale verbruiksgeneigdheid (mvg):
- Die grootte van die vermenigvuldiger word bepaal deur die gedeelte van die toename in inkome wat bestee word.

Hoe groter die mvg, hoe groter die vermenigvuldiger.

As **lekkasies verminder**, sal die mvg en die **vermenigvuldiger groter** wees

As **inspuitings vermeerder**, sal die mvg en die **vermenigvuldiger groter** wees


Hoe kleiner die mvg, hoe kleiner die vermenigvuldiger.

As **lekkasies vermeerder**, sal die mvg en die **vermenigvuldiger kleiner** wees.


As **inspuitings verminder**, sal die mvg en die **vermenigvuldiger kleiner** wees



3-SEKTOR MODEL – LEKKASIES (L) EN INSPUITINGS (J)



4- SEKTOR MODEL – LEKKASIES (L) EN INSPUITINGS (J)






IMPAK VAN LEKKASIES

As BELASTING

As BESPARINGS

As INVOERE



→ Minder geld is beskik om op plaaslike produkte te bestee.

→ MVG is kleiner

→ VERMENIGVULDIGER is kleiner


→ Kleiner verandering in Nasionale Inkome

IMPAK VAN INSPUITINGS

As INVESTERING

As REGERINGS-BESTEDING

As UITVOERE



→ Meer mense het werk en verdien 'n inkomste

→ Vraag na goedere en dienste neem toe.

→ MVG is groter

→ VERMENIGVULDIGER is groter.

→ Groter positiewe verandering in NI.





LET WEL



EWEWIGSVLAK VAN INKOME

EWEWIGSPOSISIE VAN 'N OOP EKONOMIE


Dit sal voorkom wanneer die Nasionale Inkome (Y) = Nasionale Besteding (E).

$$Y = \text{Verbruik} + \text{Besparing} + \text{Belasting} \rightarrow \text{GNI} \rightarrow \text{Gemiddelde Aanbod}$$

$$E = C + I + G + (X - M) \rightarrow \text{GNE} \rightarrow \text{Gemiddelde Vraag}$$

Ewewig bestaan wanneer AS = AD

'N GRAFIESE VOORSTELLING VAN 'N 4-SEKTORMODEL





KONSEPTE



VERMENIGVULDIGER

WAT JY MOET WEET

2-SEKTORMODEL

$$Y = C + I$$

3-SEKTORMODEL

$$Y = C + G + I$$

4-SEKTORMODEL

$$Y = C + G + I + (X - M)$$

Voor

‘n Inspuiting van die nuwe vraag na goedere en dienste in die ekonomiese kringloop van inkome, stimuleer die rondtes van besteding verder.

Gedurende

Die regering wil nuwe skole ter waarde van R20m bou. Besighede, soos die konstruksiebedryf, argitekt, meubelverskaffers, ens. wil direk voordeel daaruit trek. ‘n Nuwe inkomstevloei in die vorm van lone en winste word geskep.

Na

As die nuwe inkome in die kringloop bly, sal die vermenigvuldigereffek sterk wees en dus ‘n groter impak op die BBP hê.



INLEIDING

SAKESIKLUSSE


Die sakesiklus toon langdurige fluktuasies van die reële BBP oor 'n tydperk. Dit verwys na die opeenvolgende periodes van ekonomiese aktiwiteite en hoe dit toeneem en afneem.

Ontleding van die definisie:

- Reële BBP is wanneer inflasie in berekening gebring word.
- BBP word gebruik om ekonomiese groei te meet wat direk verband hou met die vlak van produksie.
- Fluktuasie verwys na die opswaai- en afswaaifases in die ekonomie.
- Tyd hou verband met die aantal maande of jare.



SAKESIKLUSSE



- Veronderstel die staat bereik sy doelwit van ekonomiese groei, beteken dit daar is 'n tendenslyn wat groei toon, met 'n opwaartse lyn.
- Die skommelinge rondom die tendenslyn staan bekend as die sakesiklus.
- As die ekonomie baie vinnig groei, is die lyn bokant die tendenslyn totdat dit 'n hoogtepunt bereik, dan sal die ekonomie saamtrek of terugtrek en die lyn beweeg onder die tendenslyn totdat dit 'n trog bereik en die siklus van voor af begin



SAKESIKLUSSE

REDES VIR SAKESIKLUSSE

EKSOGENE / MONETARISTIESE BENADERING

- Glo die mark is stabiel
- Onsigbare handteorie
- Buite(eksterne) faktore beïnvloed
- Grootste faktor is regeringsingryping

ENDOGENE / INTERVENTIONISME/ KEYNSIAANSE BENADERING

- Glo die mark is onstabiel.
- Regeringsinmenging is nodig.
- Fiskale en monetêre beleide is van toepassing.



LET WEL



GLADSTRYKING VAN SAKESIKLUSSE

- Regerings wil verseker dat die fluktusies, so na as moontlik bly aan die doelwitte wat vir groei gestel word.
- Ekename voor spel wat gaan gebeur, maar dit is baie moeilik indien nie onmoontlik om die sakesiklus te voor spel nie, aangesien 'n mens nie altyd kan sê hoe mense op verskillende situasies sal reageer nie.
- Regerings probeer om die siklusse glad te stryk, deur gebruik te maak van beide fiskale- en monetêre beleide.
- Uitgebreide beleide word gebruik wanneer hulle ekonomiese aktiwiteite wil stimuleer en beperkende beleide word aangewend wanneer hulle die hoeveelheid geld in omloop wil verminder.



LET WEL



NUWE EKONOMIESE PARADIGMA

- Die nuwe ekonomiese paradigma verwys na die verskuiwing wat regerings gebruik het. In plaas daarvan om die ekonomie reg in te stel, is hulle meer gefokus op inflasieteikens.
- Die SARB het inflasie vir SA tussen 3 en 6 persent gestel.
- Om pryse te stabiliseer, verseker dit nog 'n makro-ekonomiese doelwit.
- Die regering gebruik vraag- en aanbodkantbeleide om sy doelwitte te bereik om te verseker dat uitset toeneem en prysstabiliteit te handhaaf.



VRAAGKANT BELEID

- Die fiskale beleid is meer suksesvol om 'n depressiewe ekonomie te stimuleer en die monetêre beleid is meer effektief wanneer 'n oorverhitte ekonomie wat inflasie laat styg, te laat 'demp'.
- Die vraagkantbeleide is daar om hoofsaaklik vraag te stimuleer, maar ons moet in gedagte hou dat aanbod ook gestimuleer moet word om te verhoed dat inflasie intree.
- Sleutelelemente van die fiskale beleid is: staatsbesteding en belasting
- Instrumente van die monetêre beleid: rentekoerse, kontantreserwevereistes, morele oorreding en opemarktransaksies.

AANBODKANT BELEIDE

- Vermindering van koste
- Verbetering van doeltreffendheid van markte
- Verbeter doeltreffendheid van insette





KONSEPTE



SAKESIKLUSSE

WAT JY MOET WEET

KENMERKE ONDERLIGGEND AAN VOORUITSKATTINGS

Voor

LEIDENDE

Gedurende

SAMEVATTENDE

Na

SLOERENDE

Ekstrapolasie

- Historiese data word gebruik, waar voorspellings gemaak word oor die toekoms gebaseer op aannames wat verband hou met tendense.

Amplitude

- Die amplitude verwys na die vertikale verskil tussen 'n trop en die volgende piek van 'n siklus.

Tendenslyn

- Die tendenslyn dui die algemene rigting aan waarna die ekonomie beweeg.

Lengte

- Lengte word gemeet van piek tot piek of van trop tot trop.

Bewegende gemiddeldes

- Bewegende gemiddeldes kan bereken word oor die laaste drie maande en sodoende in staat kan wees om geringe fluktuasies uit te stryk.



KLASBESPREKING

**WAAROM WAS SUID-AFRIKA SE SAKESIKLUS OP
SY PIEK IN 2010 EN HET DIT DAARNA TOT 'N
INKRIMPING AFGENEEM?**

KOM ONS BESPREEK DIT!

HERSIENING

Ons het die volgende aspekte met betrekking tot sakesiklusse bespreek:

- Definisie
- Fases
- Redes
- Gladstryk van sakesiklusse
- Nuwe ekonomiese paradigma
- Kenmerke wat voorspellings onderlê
- Aanwysers





INLEIDING



INTERNASIONALE HANDEL

In oop ekonomiese dryf lande met mekaar handel. Sommige lande beskik oor bronse wat ander lande nie het nie.

Daarom vind handel (koop en verkoop) tussen lande plaas.

Verskeie geldeenhede word daarom as ruilmiddels gebruik. Dit word deur verskillende wisselkoersstelsels beheer. Dit sluit die volgende in:

- Vryswewende wisselkoersstelsel
- Vaste wisselkoersstelsel
- Beheerde vloeい of Gekontroleerde vloeい



REDES VIR INTERNASIONALE HANDEL

VRAAGREDES

- **Grootte van die bevolking**
- **Inkomstevlakke**
- Verandering in die **welvaart** van die bevolking
- **Voorkeure en smake**
- Die verskil in **verbruikerspatrone**

AANBODREDES

- **Natuurlike hulpbronne**
- **Klimaatstoestande**
- **Menslike hulpbronne**
- **Tegnologiese hulpbronne**
- **Spesialisasie**
- **Kapitaal**



REDES VIR INTERNASIONALE HANDEL

Ons sal begin met die verduideliking van vraag en aanbod vir verskillende geldeenhede asook die redes vir die verskuiwings van die kurwes.

Wanneer die waarde van die geldeenheid van een land **appresieer**, **depresieer** die waarde van die ander land se geldeenheid.

Die **wisselkoers** is die koers waarteen een land se **geldeenheid** vir dié van 'n ander land omgeruil kan word.

Byvoorbeeld, R15 vir 1 Amerikaanse dollar (\$1:R15) . Dit beteken dat Suid-Afrikaners R15 betaal vir elke dollar wat gekoop word.



AKTIWITIET

WAT GAAN MET DIE RAND GEBEUR?

1. Meer Chinese reis na Suid-Afrika.

$\nabla \uparrow$ Rand appresieer

2. 'n Groot skaalse resessie in China.

$\nabla \downarrow$ Rand depresieer

3. Styging in prysvlakke in Suid-Afrika.

$\nabla \downarrow$ Rand depresieer

4. Hoër rentekoerse in Suid-Afrika.

$\nabla \uparrow$ Rand appresieer



AKTIWITIET: VRAAG- EN AANBODKURVES

GRAFIK 1: Ontleed die vraag en aanbod van die Rand.

GRAFIK 2: Ontleed die vraag en aanbod van die Dollar.

Neem altyd die ander geldeenheid oor die geldeenheid wat jy ontleed, om die prys van die geldeenheid (wisselkoers) te bereken.

Dit is belangrik om in elke grafiek te bepaal wie aanvra en wie verskaf.


- Grafiek 1: SA verteenwoordig die aanbodkant en US die vraagkant.
- Grafiek 2: SA verteenwoordig die vraagkant en US die aanbodkant.

NB: Gee noukeurig aandag aan die grafieke wat deur die aanbieder geteken word.



AKTIWITIET

Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg



- Wat is die ewewigshoeveelheid by \$1: R8,00?
- Wat is die gevolg van 'n afname in die aanbod van die dollar op die waarde van die rand?
- Beskryf kortlik die term *appresiasie* van 'n geldeenheid.
- Wat sal die impak wees van 'n oorwaardeerde geldeenheid op die Betalingsbalans?
- Waarom verkies sommige lande 'n vaste wisselkoersstelsel?